
# 270 Lei my, troue Herder, lei my




Eens was ek vervreemd, verlore,
ver weg van die regte baan;
U het my gevind en spoedig
toon U my die spoor weer aan.

Op die dwaalweg het die sonde
my gemartel keer op keer;
by U was vir al my wonde
steeds genesing, liewe Heer!

Nou bly ek by U gedurig,
volg ek, waar U my ook lei;
steeds word nou my lied meer vurig -
U is alles, Heer, vir my!

U te loof, is al my strewe,
U te prys by dag en nag;
tot U my na daardie lewe
opneem, waar slegs heil my wag.

Onbekend C.F. Wittle (c. 1660-1710)